



# KAMMANUUS

Nommer 322

13 Februarie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## Maak tog jou beursie oop vir ons arm oumensies

**D**aar was 'n versoek of twee van nuwe lesers wat vra by watter liefdadigheids-aksies Onsdorp betrokke is. Onsdorp ondersteun tans slegs een: YADE. Dit word bedryf deur hoofsaaklik 'n groepie vroue in Bloemfontein en hul hoofdoel is om hawelose en arm ou mensies huisvesting, kos en mediese versorging te gee.

Onsdorpers kan 'n verskil maak deur, al is dit net R10 per maand, 'n gereelde bydrae te maak. Daar is reeds 'n paar van julle wat gereeld tussen R10 en R200 skenk. Ons het al selfs 'n Kammalander gehad wat R10,000 van haar huis se verkoop vir Yade gegee het.

So het, reken ek, ons al by die **R40,000** bygedra oor die afgelope twee jaar.

Ná ons onlangse twee tjeks van R6,000 elk om Yade se voertuie te help herstel, is ons koffers egter weer leeg en ek doen 'n beroep op elkeen wat kan om tog maar elke maand een uiteet of een fliek oor te slaan en vir ons daai geldjie te aan stuur. Elke druppel help om ons weerlose senior burgers by te staan, om hulle lewens met minder pyn en meer waardigheid te lewe.

Dankie dat julle my vertrou om die fondse namens ons almal te vergader en aan te stuur. Maak somer vandag nog 'n betaling en mag ek voorstel dat jy liewers min en gereeld gee as eenmalig. Die voedsel- en medisynenood is voortdurend en 'n bestendige inkomste is nodig.

### Hier volg 'n kort uittreksel uit onlangse terugvoering wat ek ontvang het:

"Yāde groei in 2011 tot een van die suksesvolste instansies in Bloemfontein wat uitkoms en 'n anker bied vir bejaardes en gestremdes. Yāde, wat aanvanklik net verblyf en etes wou verskaf, versorg nou reeds ongeveer 90 mense in die volle versorgingstuistes en ongeveer 40 in die semi-versorgingstuistes.

"Dit wat ons as bestuur uit Yāde ontvang is soveel meer as dit wat ons gee. Sommige kere kry ons ondervoede bejaardes in, die vel dor en dof, die oë soos stukkies gebreekte glas en die glimlag raak-raak net die lippe.

"Om ná 'n paar weke eers die glimlag, blink oë en vel wat rosigraak te sien, is goud werd. In die versorgingstuistes is van die bedserewat gesond word so groot soos 'n mens se vuus. Dit is so pragtig om bv. In die een dameskamer in te stap en sien hoe die tannies wat in die 90 is (die oudste 97) sit en liefdesverhale lees.

"Die wanpersepsie wat ontstaan het dat Yāde 'n skuiling is en net boemelaars versorg is gelukkig ook nou uitgewis en Yāde word erken as 'n instansie wat daar is om veral bejaardes en gestremdes te help wat nie ekonomies kan oorleef in die huidige samelewing nie.

### Uitbreiding na Kaapstad

Daar is ook besluit dat die tyd nou reg is om uit te brei na Kaapstad. Hettie het die afgelope jaar haar voete deurgeloopt op soek na 'n geskikte huis, maar het ook weer besef dat ons tyd nie God se tyd is nie. Ons glo dat die onderhandelinge binnekort afgehandel sal wees en die eerste volwaardige Yāde tuiste in die Kaap kan open. Daar is reeds 'n baie lang waglys van desperate mense wat daaglik of weeklik bel om te hoor of die huis al geopen het. Ons vra u voorbidding dat hierdie droom binnekort bewaarheid sal word en dat Yāde ook 'n verskil kan maak in die Kaap.

### Die rekening waarin jy jou skenking kan deponeer is:

**First National Bank - Stilfontein**  
**Hennie Greeff - Spaarrekening**  
**Rekeningnr.: 60379199926**  
**Takkode: 240538**

Groete tot oor twee weke,

**Hennie Greeff**  
Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

### DROPBOX-PRYS

**Lianda Viljoen** van Oos-Londen het die Dropbox-prys gewen. Sy kry 'n geskenkbewys vir R100 van Kalahari.com. Baie geluk!



# Om die kampvuur

## Jy is dalk 'n boer se vrou as . . .

- Twee van die drie bondels wasgoed hoofsaaklik kakie is.
- As 'voorspel' die wedstryd is voor die Springbokke speel
- As jy al die woord 'fyndraai' in die bed gehoor het.
- As jy olie, bloed, sweet en modder met die eerste slag kan uitwas.
- As die lande en spilpunte netjieser is as jou blomtuin.
- As jy gou 'n stukkie omgespit wil hê en jy hoor die trekker skop aan.
- As jy weet wanneer Nampo is.
- As twee van die etes wat jy bedags maak meer as die helfte vleis is.

## VREEMDE FEITE

- As jy 8 jaar 7 maande en 6 dae lank skree, het jy genoeg klankenergie opgewek om een koppie koffie mee te maak. *(Nie die moeite werd nie, nê?)*
- As jy aanmekaar poep vir 6 jaar en 9 maande het jy genoeg gas geproduseer om die energie vir 'n atoombom te maak. *(Nou praat julle!)*
- 'n Kakkerlak kan nege dae lank sonder sy kop leef.
- 'n Vlooi kan 350 keer sy eie lengte spring. In menslike terme is dit die lengte van 'n rugbyveld.
- Olifante is die enigste diere wat nie kan spring nie. *(En skilpaaie?)*
- 'n Volstruis se oog is groter as sy brein. *(Ek ken sulke mense ook.)*
- 'n Kat se urine gloei onder 'n swart lig. *(Hoe het hulle dit uitgevind?)*

## LAASTE WOORDE


"Goeiste, maar dis mooi aan hierdie kant!"  
~ Thomas Edison (1847—1931).

"Ek het baie tyd bestee om skuiwergate in die Bybel te vind."  
~ WC Fields (1880—1946)

"Ek is so uiters verveeld met alles."  
~ Winston Churchill (1874—1965).

"Die dood moes hom vat toe hy geslaap het, want as Roosevelt wakker was, sou dit 'n helse geveg afgegee het."  
~ 'n Tydgenoot ná die dood van pres. Theodore Roosevelt. (1858—1919)

"Party kom hierheen om te dink  
Maar ek is hier om te vrot en te stink."  
~ Inskripsie op 'n grafsteen



## Darwin-pryse vir 2011

Die Darwin-pryse vereer die mense wat hulself vrywillig en op die ongewoonste en domste maniere uit die genepoel verwyder het.

### Semifinalis #3

'n Man van Alabama is dood nadat verskeie ratelslange hom gepik het. Hy en 'n vriend het 'n speletjie gespeel waarin jy 'n bal vang, maar het 'n ratelslang gebruik omdat hulle nie 'n bal gehad het nie. Sy vriend - beslis 'n toekomstige Darwin-benoeming - het in die hospitaal herstel.

## Meer oor mans

**V:** Wat is die ooreenkoms tussen mans en grassnyers? **A:** Jy sukkel om hulle aan die gang te kry, hulle skei slegte reuke af en werk die helfte van die tyd nie.

**V:** Hoe definieer mans 'n 50-50-verhouding? **A:** Ons kook en hulle eet, hulle mors en ons maak skoon, ons stryk en hulle plooi.

**V:** Wat noem jy 'n man wat in handboeie is? **A:** Betroubaar.



**Moenie so oor jou gesondheid kla nie**

**Dit sal nog weggaan**


[www.nmcaregivers.com/Humor.htm](http://www.nmcaregivers.com/Humor.htm)



# Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

## Humor oor die hitte



**Verlede maand het veral die Wes-Kaap onder hittegolwe deurgeloopt. Dit het toe aan die grapjas Nico Nel die kans gebied om bietjie humor voor *Beeld* se Blouwillem te strooi. Blouwillem skryf:**

**NICO NEL** bel van Ceres af en vertel hoe hulle al heelweek daar voor die Aga-stoof sit om af te koel. So met die bek oop soos gaar snoeke.

Hy reken die rede waarom daar nooit groot krieket in hul deel van die wêreld gespeel word nie, is oor dié hitte (nou die dag se wedstryd in die Paarl was volgens hom 'n eenmalige ding).

"Maar dis nie net oor die spelers se *radiators* begin kook nie," verduidelik hy, "dis eintlik omdat die TV-tegnologie nie hier kan werk nie."

"Hoe so?" wil ek weet.

"Ek sê jou, dis so warm hier dat daai *hot spot* nie eens wys op 'n kolf nie. Nie 'n merkie nie!"

Hy vertel toe sy kinders klein was, het hulle daar deur die Boland emmers vol gesweet met hul ou Kombi sonder lugreëling.

As hulle wegtrek by die huis, sit hy wat Nico is die warm lug volspoed aan. Dan kla die arme bloedjies en vra pa moet asseblief die *aircon* aansit.

"Ek sit dan net die warm lug af en siedaar! Eers toe hulle groot was en die Kombi lááng jare al verkoop, het ek gebieg dat hy eintlik nie *aircon* gehad het nie."

## Boer loop deur onder Bul Zonder Naam

**MNR. MIKHAEL REED (62)** se ribbes maak 'n snaakse geluid as hy loop. Girts-girts. Die rede is 'n klein meningsverskil wat dié melkboer van die Suid-Kaap met 'n jersey-bul gehad het. Oor werksvoordele.

Reed boer saam met sy seun, Peter, op die plaas Kabisa, tussen Knysna en Sedgfield.

Daagliks melk hulle net minder as 800 koeie twee keer.

Die Reeds insemineer seisoenaal, maar hou 16 bulle aan om seker te maak dat die koeie wat nie "vat" nie, tog gedek word.

Reed vertel hy en sy

helper, mnr. Thandinkosi Mqay (29), het 'n vers gaan haal wat seergekry het toe Bul-Zonder-Naam (BZN), die jersey met die besonderse oranje jas, bietjie rof gevry het. Als was wel terwyl Reed en Mqay die beseerde vers (nr.10058) ondersoek het. Reed was besig om die bakkie se deur oop te maak toe BZN hom teen die deurraam vasslaan en hom tot teen die bakkie se kajuit oplig.

Die bul het hom 'n tweede keer gestorm, en dié keer het hy soos 'n "voël deur die lug getrek".

Met die afkomstig is hy tot binne-in die bakkie gestamp.

Synde hy reeds in die bakkie was, het hy en Mqay toe maar gery om vers nr. 10058 siekeboeg toe te neem.

Reed het aanvanklik nie vir sy vrou, Sue, vertel van die voorval nie, maar opgelet daar sit stukke verf van die bakkie aan sy oorpak.

Hy het eers die volgende dag agtergekom sy lyf is effe gekneus, en nog later moes Sue pynmedikasie gaan soek.

Ouma Nellie Robertson wat baie jare op die buurplaas, Marelím, gebly het, sou beslis gesê het Mike moes geweeet het mense (en bulle?) met rooi hare is betjoings.

## Wiskunde in 2011

### Hoeveel eiers is daar in 2½ dosyn?

Dit is een van die vrae wat glo in 'n 2011-matriekvraestel vir wiskundige geletterdheid gevra is en wat 'n DA-LP Dinsdag die kop laat skud het.

Donald Smiles, DA-LP wat in die parlementêre komitee vir basiese onderwys dien, het sy bedenkinge oor die gehalte van sommige vrae wat aan matrieks gestel is.


Smiles het gevra wat presies met so 'n vraag op matriekvlak gemeet word.

"Ek verstaan nie hoe so 'n vraag in 'n matriek-wiskundevraestel kan kom nie. Wat word getoets? Die konsep dosyn – en dit op matriekvlak?"



# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## SNAAKSE MENSE

Ons Suid Afrikaners is snaakse mense.

As ons depressief voel dan suip ons.

As ons iets wil vier dan suip ons

As ons niks het om te doen nie, dan suip ons.

Daar is groot fout mense!

**Bring vanmiddag jou dop, dan praat ons hieroor.**

## LAAT VIR WERK

Vrou se rede hoekom sy die Maandagoggend laat vir werk is:

"My man het per ongeluk 'n oordosis Viagra gedrink, en ek kon hom nie by die huishulp alleen laat nie.

## MEDISYNE

Volgens navorsing gebruik 25% van die land se vroue medikasie vir geestesversteurings.

**Dit beteken daar is 75% wat glad geen medisyne drink nie!**

## JULIUS EN DIE POUS

Die pous en Julius Enema staan in die Vatikaan voor 'n yslike skare op 'n verhoog.

Die pous leun oor na Julius en sê:

"Weet jy dat ek met 'n enkele wuif van my hand hierdie hele skare van plesier kan laat skree?"

"Nie net vir die oomblik, soos met jou volgelinge die geval is, maar 'n langdurige vreugde in hul harte. Hulle sal hierdie dag vir altyd onthou

"Dis 'n Dag waaroor hulle geslagte lank sal praat!"

Julius: "Ek glo dit nie. Wys my hoe."

Toe tree die pous terug en gee hom 'n moerse klap.

## GRONDHERVORMING

Filemon het 'n hoenderplaas gekry deur die staat se grondhervorming.

Sy buurman was ook 'n hoenderboer en het kom kennis maak.

"Hoenderboerdery is nie maklik nie," verduidelik hy. "Ek sal jou 100 kuikens gee om te help begin."

Die buurman kom loer so twee weke later weer in om te hoor hoe dit gaan.

"Hau, nie te goed nie. Al die kuikens hy het gavrek!"

Die buurman gee hom toe nog 100 kuikens. Twee weke later ontmoet hulle weer, en Filemon sê weer:

"Ek kan det nie verstaan nie. almal die kuikens hy het weer gavrek!"

Verstom vra die buurman: "Wat het verkeerd gegaan? Wat het jy aan hulle gedoen?"

Filemon: "Eish, ek weet nie eintlik nie. Miskien ek plant hulle te diep."

## BC deur Johnny Hart





## Hoe Moses die Tien Gebooe gekry het

God het na die Moslems gegaan en gesê: "Ek het vir julle gebooe wat jul lewens beter sal maak."

Die Moslems vra toe: "Wat is gebooe? Gee vir ons 'n voorbeeld."  
"Jy mag nie doodslaan nie."

"Nie doodslaan nie? Hou verby, dis nie vir ons nie!"

Toe gaan Hy na die Swartes en sê: "Ek het het gebooe. Een van hulle is dat jy jou vader en jou moeder moet eer."

"Vader? Ons weet nie wie ons vaders is nie. Ons stel nie belang nie."

Volgende aan die beurt was die Mexikane, wat ook 'n voorbeeld wou hê.  
"Jy mag nie steel nie."

"Nie steel nie? Jy's seker laf!"

Toe gaan Hy na die Franse en sê hy het gebooe. Een van hulle is jy mag nie egbreek nie.

"Sacre bleu! Nie egbreek nie? Dis beslis nie vir ons nie!"

Uiteindelik kom God by die Jode, en sê hy het vir hulle gebooe.

"Hoeveel kos hulle?"

"Hulle is gratis."

"Gratis? Oukei, gee vir ons tien."

## SMS'e

### VIR SENIORS

**Die kinders het mos hul SMS-kodes, soos BFF, WTF, LOL.**

**Hier is kodes vir seniors:**

- \* **BDD** - By Die Dokter
- \* **BVSB** - By Vriend Se Begrafnis
- \* **BDR** - Bring Die Rystoel
- \* **KWS** - Kry Weer Sooi-brand
- \* **SG** - Skryf Groter
- \* **MMWG** - My Maag Werk Goed
- \* **IJGA** - Is Jou Gehoortoestel Aangeskakel?
- \* **MGPBL** - Moet Gaan, Pasaangeër se Battery Laag
- \* **MGPBW** - Moet Gaan Purgasie Begin Werk
- \* **WPEA** - Wat Praat Ek Alles?
- \* **WWW?** - Waar Was ek nou Weer?
- \* **EDNP** - Elke Dag Nuwe Pyne
- \* **MVSW** - My Valstande is Steeds Weg

### SO WERK DIE BRANDWEER

Die hoof van die brandweer was besig om 'n groep nuweling touwys te maak.  
"Meneer," vra een van hulle, "wat doen ons as ons gevra word om 'n kat uit 'n boom te haal?"

"Dis nie die brandweer se werk nie," antwoord die hoof. "Ons red nie katte nie. Ons werk is om brande te blus."

"En wat doen ons as iemand bel en sê daar's 'n slang in sy tuin?" vra 'n ander nuweling.

"In daardie geval," sê die hoof, "vra jy of die slang aan die brand is."



### Op Facebook gepos deur Natie Nel.

SOOS gewoonlik betrek ek die venstersitplek. Langs my kom sit 'n fyn dame met 'n baie benoude trek op die gesig. Met die opstyg (so terwyl ek begin insluimer) ruik ek dit.

Eers verdink ek gisteraand se calamari, maar dis nie ek nie. Toe is daar so "foowheet" geluid van langsaan.

En dis asof iemand traangas in die kajuit gegooi het. Nadat die veiligheids-gordelse liggie af gaan, staan die meisie op - toilet toe, hoop ek.

Ek en die tannie wat in die paadjie sit kyk vir mekaar. Hier kom 'n ding. Vyf minute later is die meisie terug. Sy lyk steeds benoud.

"PPPOOORRRTS".

Ek kyk tranerig vir die lugwaardin en wonder of ek my suurstofmasker kan gebruik. Sy staan weer op - toilet toe. Die tannie in die paadjie merk droog op: "I think she has a problem" (You think?)

Skaars terug glip daar so sluiper uit en slaan my met 'n opstopper op die neus.

Die oom agter fluister hard "iemand het geskryt". 'n Paar mense giggel. Ek kan nie praat nie. Ek soek my asma-pompie.

Vyf minute later staan ek en die tannie langs mekaar in die paadjie. Nee, julle kan nie die suurstof gebruik nie, bevestig die lugwaardin my ergste vrese. Hoe kan so klein lyfie soveel gas bevat?

Die meisie sit alleen in die bank totdat ons verplig word om vir die landing te gaan sit. Met die landing is daar 'n harde "pppooooorrrts-fowee".

"Daardie een het sproete", hoor ek die oom agter giggel.

Met die afklim kyk niemand vir mekaar nie, maar ek voel weer die kameraderie van 'n goeie roetemars in die *army*, met traangas en alles.

## Bedelaar se penarie

Elke dag stap 'n man verby 'n bedelaar en gee hom tien rand. So gaan dit aan vir 'n jaar, maar skielik verander die daaglikse donasie tot R7,50.

"Wel," dink die bedelaar, "Dis nog steeds beter as niks."

So gaan nog 'n jaar verby, en die man se daaglikse donasie krimp skielik tot R5.

"Sê my nou eers wat aangaan," vra die bedelaar aan sy weldoener. "Eers gee jy my R10 elke dag, toe R7,50, en nou net R5. Wat gaan aan?"

"Wel," antwoord die man, "Laasjaar het my oudste seun universiteit toe gegaan. Dit kos baie geld, so ek moes my uitgawes sny. Begin van hierdie jaar is my oudste dogter universiteit toe, en ek moes my uitgawes dus nog meer sny."

"En hoeveel kinders het jy?" wil die bedelaar weet.

"Vier pragtige kinders," antwoord die man.

"Wel," sê die bedelaar, "Ek hoop nie jy is van plan om hulle almal op my onkoste te laat leer nie!"

## ETIKET VIR BRAKANNERS

(soos voorgeskryf deur Emsie Schoeman en hersien deur Andre P. Brink)

### FLIEK

1. Moenie met die mense op die *screen* probeer praat nie. Jarelange wetenskaplike navorsing het bewys dat hulle jou nie kan hoor nie.

### TROUES

1. Kleinvee is nie so 'n *hot* trougeskenk nie.

2. As jy die bruid langer as vyf sekondes soen, kan jy miskien geskiet word.

3. Vir die bruidegom: Huur 'n *tux*; 'n *corduroy*-broek en *T-shirt* met 'n Cumberbund werk nie so lekker nie.

4. Al is dit moeilik, sê maar ja vir sokkies en skoene (al is dit dan net vir die kerk).

**IN 'n Britse meningsopname is gevra: "Dink jy daar is te veel immigrante in Brittanje?"**

**17% het Ja gesê, 11% het Nee gesê en 72% het gesê:**

ی چوکن ن اہج ن اباز ی موق ودر



## Deel 12

# Ongevalle, pyn en baie bloed



**DIRK BOSHOFF**

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van sy dienstryd op Ondangwa

**E**lkeen wat op die grens was het dit verskillend ervaar. Alles hang af waar jy was, vir party erger as ander. Die punt is dat elkeen van ons maar nog net jong mense was van tussen 18 en 20 jaar en nog nie bloed, beserings en die dood gesien het nie.

Ons vlieg eendag met DC 3 waarmee soldate en vrag na Enana en Opowa geneem moet word. Dit is naby die grens. Alles moet vinnig gebeur en 'n tydelike aanloopbaan geskep vir die Kotskoets.

Dinge lyk sleg daar. Dit is snikkend warm. Sonbesies sing asof alles reg is. Min weet ons dat daar binnekort probleme gaan wees.

Terug by Ondangwa wag ons vir 'n vliegtuig wat van Rooikop af kom en via Ondangwa vrag moet neem na Grootfontein. Voetsoldate wat patrollie gedoen het naby Opowa word in 'n lokval gelei. 'n Noodsein word uitgestuur en gelukkig vir hulle was daar ook 'n ander patrollie van die Koevoete (Polisie in gekamoefleerde kleredrag) in die omgewing.

Altesaam 22 terroriste word doodgeskiet en vier van ons soldate gewond. Die vier soldate word met 'n DC 3 na ons gebring. Die *medics* kon drie soldate op Ondangwa se hospitaaltjie behandel. Een soldaat is so erg gewond dat hy Voortrekkerhoogte gestuur moet word.

Ek en my vriend moet 'n gedeelte in die vragvliegtuig omskep om 'n draagbaar vas te maak. 'n Fosfor-granaat is in die groep gegooi en skrapnel het die soldaat in sy maag getref en is agter by sy rug uit.

Hy lê in pyn en nakend op die draagbaar op die grond. Bloed loop weerskante in die lengte van sy draagbaar af; hy lê letterlik in sy eie bloed met ongeveer sewe druppers. Party is om bloedverlies teen te werk, ander is pynstillers. Die wond lyk erg en jy kan die gat in sy maag sien.

Dit is duidelik hy gaan dit nie maak nie. Hy is nog by sy bewussyn en so laai ons hom op die vragvliegtuig. Bloed bly by sy kop- en voetenend aflowp. Komberse en ander

**'n Fosfor-granaat is gegooi en skrapnel het die soldaat in sy maag getref.**

materiaal word onder en om hom gesit om te keer dat te veel bloed die vliegtuig vol drup.

Dit was die ergste tot nou wat ek tot dan gesien het. Die vliegtuig styg op, maar die soldaat sterf voor die vlug Waterkloof-lugmagbasis bereik.

Ons elkeen het sy eie gedagtes. Ons praat nooit weer daarvoor nie. Ek verwoord dit vandag die eerste keer ná 27 jaar. Jy is 'n man en moet dit kan hanteer.

So krop mens maar op. Een nag hoor ons hoe bomme 'n entjie van ons af val. Skote klap om ons basis en ons gryp ons R5-masjiengewere terwyl ons vinnig aantrek. So vinnig as wat dit gebeur het, so vinnig stop alles ook.

Oshakati is onder onder meer getref en drie soldate sterf en nog 'n klomp is gewond. Ons moet weer soldate afstuur na die States toe.

Een van die soldate se neus is weggeskiet. Net 'n deel van die neusbeen het oorgebly, die res net twee gaatjies. Van die ander soldate lyk ook sleg.

Party dienspligtiges haak uit en kon nie voortgaan mens grensdiens nie. Hulle word huis toe gestuur en vervang met ander dienspligtiges.

Ons het altyd gesê die manne *crack*. Baie het ge-*crack* en was nooit weer dieselfde nie. Ek byt maar vas.

So kry ons erg gewonde soldate dat mens skoon naar wil raak van die baie bloed.

Die weermag het 'n paar honderd tydelike kiste gehad wat gebruik was om lyke na en van Suid-Afrika te vervoer.

Ek moes hulle self help laai, party met nog droë bloed binne. Ná drie maande word ek toegelaat om vir 'n week na my familie te gaan.

Dinge het erger geraak . . .





# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

## Gekaramelliseerde uie

15 ml olyfolie  
3 groot uie, gehalveer en in dun skyfies gesny  
45 ml sagte bruinsuiker  
45 ml balsamiese asyn  
15 ml gedroogde tiemie  
Sout en varsgemaalde swartpeper na smaak

1. Verhit olie oor matige hitte in 'n braaipan en soteer uie tot heeltemal sag. Voeg suiker, asyn en tiemie by en geur na smaak. Verlaag hitte effens en roer af en toe, terwyl die uie 10-15 minute sonder 'n deksel prut tot gekaramelliseer.

2. Laat uie afkoel en gebruik dan op broodjies of op verskeie ander interessante maniere. Dis heerlik op braaibroodjies, pizzas, in 'n slaai of op 'n stukkie gebraaide vleis.

### Jogurt-sous

175 ml ongegeurde jogurt  
100 ml gladde maaskaas of 75 ml mayonnaise  
80 ml suurroom

'n Handvol vars kruie van jou keuse

'n Paar druppels suurlemoensap

Varsgemaalde swartpeper na smaak

Meng alles saam en sit met die koue vleis, gekaramelliseerde uie en slaaibestanddele in 'n wrap, pita of toebroodjie voor.

## Koos, die luiperds en die foksterriër

Koos sien 'n advertensie in die Landbouweekblad waar 'n boer tenders inwag vir iemand om die luiperds op sy plaas te vang en na 'n wildreservaat te verskuif. Hy besluit om te tender, en omdat hy toe verreweg die goedkoopste is, kry hy die kontrak.

Die volgende dag daag hy by die plaas op met 'n bakkie, 'n foksterriër, ou Jonas, 'n spul streepsakke en 'n .22 geweer. Die boer lyk maar skepties, maar toe die son saK, lê daar 12 luiperds in streepsakke, reg om vervoer te word.

Die boer is beïndruk en vra of hy die volgende dag kan saamry om te kyk hoe Koos dit doen. Dit werk toe so:

Sodra hulle 'n luiperd sien, jaag hulle hom in die naaste boom op met die bakkie. Koos klim agterna, en soos die luiperd grom en na hom klap, grom en klap Koos terug totdat hy die luiperd op die dun takke vasgekeer het.

Wanneer die tak dan padgee en die luiperd grond toe val, gryp die foksterriër hom aan die knaters en hou vir al wat hy werd is, terwyl Jonas hom in die streepsak toebind.

"Maar waarvoor is die .22 dan?" wil die boer weet.

"Jong," sê Koos, "So met die heen-en-weer geklappery kan dit dalk gebeur dat EK uit die boom val. En dan moet Jonas die .22 gebruik om die foksterriër te skiet."

### SEISOENKAARTJIE

Die skoolhoof kondig aan: "Die meisiekoshuise is verbode vir die seuns. As jy daar binne gevang word, R50 boete vir die eerste oortreding. As jy weer gevang word R100, 3 keer R150, ensovoorts. Verstaan julle? Enige vrae?"  
'n Stem van agter in saal: "Meneer! Wat kos 'n seisoenkaartjie?"





# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

# Die mense agterop die bakkie

"Op die platteland sien jy ook soms 'n pet in die pad lê. Niemand hou graag stil vir 'n dêm werker wie se dêm pet afgewaai het nie."

Deur **DANA SNYMAN**

**O**ral in die land sien jy mense agterop bakkies. Jy is op die snelweg naby die stad, en dan is daar 'n ou Isuzu voor jou in die middelbaan, met drie manne agterop. Oor een se ore is 'n Rasta-mus getrek

Die ander twee se blou oorpak is vol verfspatsels. Dit lyk nie of hulle met mekaar gesels nie. Hulle sit met hul rug teen die bakkie se kajuit en kyk agtertoe. Hulle gaan by 'n huis of op 'n bouperseel werk, weet jy – heeldag lank sal hulle verf, messel of kruiwa stoot.

Vanmiddag gaan hulle in die teenoorgestelde rigting agterop hierdie selfde bakkie op hierdie selfde snelweg ry, terug township toe.

Ander kere is daar meer as drie mense agterop die bakkie. Daar is vier of agt of sommer tien, en dis meestal mans. Daar kan selfs 'n leer of 'n kruiwa saam met hulle op die bak wees.

Soms moet party op die bak se rant sit, want in die bak is nie genoeg plek om te sit nie. Hulle moet aan die bakkie vasklou en oppas hul pet waai nie van hul kop nie. Partykeer sien jy 'n pet op die snelweg lê.

Dit lê daar in die linkerbaan, en die karre ry daaroor. Wanneer die wind waai, sal die pet 'n entjie die lug in fladder voordat 'n volgende kar kom en dit weer plat trap.

Jy sal na daardie pet kyk, en weet dit het van iemand wat agterop 'n bakkie was, se kop gewaai. Dalk was dit 'n pet van 'n jong man uit die Oos-Kaap, sal jy vir jouself sê. Dit was sy eerste dag agterop 'n bakkie saam met ander werkers, en toe hy weer sien, gryp die wind die pet van sy kop af.

Dalk sou hy vergeefs die wind in vir die bestuurder geskreeu het om stil te hou, terwyl die ander werkers vir hom lag.

Op die platteland sien jy ook soms 'n pet in die pad lê. Niemand hou graag stil vir 'n dêm werker wie se dêm pet afgewaai het nie.

Dit is 'n skildery wat nog nie geskilder is nie – die een van die werker agterop die boer se bakkie. Die werker ry dikwels saam dorp toe om die hekke op pad oop te maak. Die hele oggend sit hy in die heklose dorp agterop die bakkie terwyl die boer by die bank en die Spar en die koöperasie ingaan.

Partykeer sal die werker afklim, en dan sal daar 'n repie koerantpapier en die oranje van 'n pakkie BB-twak in sy hand wees.

Die platteland is vol desperate mense agterop desperate bakkies. Die mans het dikwels nie 'n oorpak aan nie. Hul hemp fladder soos 'n verslete vlag aan hul lyf in die wind. Soms sal daar tussen die ander agterop die bakkie 'n vrou wees, met 'n doek om haar kakebeen gebind, op pad na 'n kliniek waar die seer tand seer getrek sal word.

Soms sien jy oumas agterop bakkies, soms kinders, soms ma's met 'n baba in hul arms.

Mense agterop bakkies kyk meestal agtertoe. Hulle kyk nie na waar hulle heen gaan nie. Hulle kyk na waar hulle vandaan kom.

Hulle kyk na jou.

**Dis die einde van KAMMANUUS.  
Ons maak weer so op 27 FEBRUARIE.  
BLAAI AF VIR STAMBOOM-SOEKERS**



# STAMBOOM

## Wie kan hierdie mense help met hul familie-stamboom?

### **BEKET** [lomaswanepoel@hotmail.com](mailto:lomaswanepoel@hotmail.com)

My nooiensvan was Beket, maar ek sien hier is glad nie iets van Beket nie

### **BEKKER** [young.willem7@gmail.com](mailto:young.willem7@gmail.com)

Ons benodig meer inligting oor Cornelius Johannes Bekker gebore 1861. Hy was getroud met Magrietha Susanna Els gebore 1866. Ons het 'n adres CJ Bekker wat jare terug by Kellnerstraat 93, Bloemfontein gewoon het.

### **BESTER** [beehive@overbergwireless.co.za](mailto:beehive@overbergwireless.co.za)

Addisioneel: Opsoek na inligting oor Daniel Conraad Bester se voorsate en familie in die Heidelberg SuidKaap omgewing.

### **BEZUIDENHOUT** [mias@elkoin.co.za](mailto:mias@elkoin.co.za)

My e-pos is nie meer [m.bezuidenhout@mtnloaded.co.za](mailto:m.bezuidenhout@mtnloaded.co.za) nie. Ek het baie inligting oor die Bezuidenhouts van Potchefstroom, Koster en Rustenburg. Kontak my gerus.

### **CHIEPPA** [CotieSteyn@gmail.com](mailto:CotieSteyn@gmail.com)

Savino Chieppa was 'n Italiaanse Krygsgevangene. Ek was met sy oudste seun, Vincenzo, getroud. Soek graag meer inligting (vertroulik).

### **COETZEE** [gerriecoetzee@ymail.com](mailto:gerriecoetzee@ymail.com)

Ek het begin om my stamboom na te vors en is op soek na besonderhede en geskiedenis van my Oupa Hendrik Christiaan Coetzee, gebore Reddersburg 31 Jan 1895 en oorlede 21 Dec 1959 in Pta. Getroud met Hendriena Petronella Jacoba (nooi De Nysschen) gebore te Ventersdorp -20 Mei 1905, oorlede 8 April 1966 in Pretoria. Ek het ongelukkig laat begin met my navorsing so die inligting bo gemeld kan dalk onakuraat wees. Waardeer enige terugvoer.

### **DIPPE NAAR** [gjfgird@gmail.com](mailto:gjfgird@gmail.com)

My Ouma was Christiaan Stefaanus Erasmus Dippenaar, wat getroud was met Desmond Gustave Gird Oorlede 1944 toe my pa Desmond +/- 16 jaar oud was. Sy is blykbaar by Rust de Winter begrawe. Het iemand miskien meer inligting oor my ouma?

### **ESPACH** [whespach01@gmail.com](mailto:whespach01@gmail.com)

My name is Willem Hendrik en my pa was Hendrik Joachim.

### **GERMISHUYS** [leana.swart@telkomsa.net](mailto:leana.swart@telkomsa.net)

My pa was "Sweetie" van Gansbaai en my ma (Lena) ook 'n nooi Germishuys. Ek is op soek na enige familie wil graag my stamboom voltooi.

### **HAGEMANN** [hagemann.ria@gmail.com](mailto:hagemann.ria@gmail.com)

Oupa Mattheus Johannes Hay, ouma Aletta Cathrina Oosthuizen, pa Gert Adriaan Hay, ma Johanna Susanna Elisabeth van Niekerk.

### **HYMAN** [attela@orcawireless.co.za](mailto:attela@orcawireless.co.za)

Ek wil graag meer inligting oor my skoonpa, David Izak Hyman se voorsate hê. Sy kleinkind Dr. Dawie Hyman wil graag meer van sy stamboom te wete kom. Hy het in Gordonia Distrik, Upington, op die plaas Gannapoort geboer. Sy geboortedatum is 23 Sept. 1900. Hy was getroud met (Annie) Anna Alida Engels 9 Jan. 1910.

### **KEMP** [gerriekemp@hotmail.co.uk](mailto:gerriekemp@hotmail.co.uk)

Rebelle in die Anglo Bboereoorlog, van Wellington in die Kaap, 4 broers, later in Volksrust, Memel omgewing. Oupa was met 'n Nooi Stoop getroud, broers, Pieter Willem, Johannes Jacobus, Gehardus Philippus, en die 4de een kan ek uitvind.

### **KRUGER** [ansu.smit@gmail.com](mailto:ansu.smit@gmail.com)

Ek is besig om ons familiestamboom na te vors en benodig inligting van my oupagrootjie, Gert Francois Kruger. Hy is in Pta gebore en het op die watererwe in Daspoort gebly. My oumagrootjie was Emily. Hul het 3 dogters en 1 seun gehad. Die seun is op 14 oorlede. Enige inligting sal waardeer word.

### **KRUGER** [danie.kruger@kentz.com](mailto:danie.kruger@kentz.com)

Vader Danie Kruger getroud met Erika Basson (nooiensvan), oorlede op 33. Famielie van Bethal en Standerton. Myouma se bynaam was Nienie. Ek is ook Danie Kruger gedoop. Help asseblief waar u kan met informasie.

## Soektog uit Oostenryk:

### **LOMBARD** [pen.friend@hotmail.com](mailto:pen.friend@hotmail.com)

Ek lewe in Wenen, Oostenryk. My Pa se name was Daniel Du Plessis Lombard, gebore 15.3.1920 in Pretoria met 'n halfbroer Alec en suster Hester, dink ek, in Pretoria. My Pa het met 'n Duitse vrou getroud en het later in Europa en dan weer in SA in Kwazulu Natal gelewe en is dan 1995 in die hospes in Port Shepstone oorlede. Die enigste suster van my Pa, Anna, het ook ter laaste in Kwazulu Natal (Margate) gelewe. Ek is op soek na die familie en verwanyes in Pretoria of res van SA. Ek weet, dat daar erens 'n dogter van my oom Alec moet wees - ons het vir haar tant Dot genoem met haar wonderlike dogter Lizelle.

**BLAAI VERDER AF**



**MARX** [grundlim@telkom.co.za](mailto:grundlim@telkom.co.za)

Twee susters, Ronel en Marieta Marx, gebore 1967/06/11 en 1968/09/14. Moeder was Susara Susanna Steyn 1944/03/17 en vader Johan George Marx. Vader mag dalk aangeneem gewees het, moontlik gebore Breytenbach van Pretoria.

**MORKEL** [morkelannamari@yahoo.com](mailto:morkelannamari@yahoo.com)

Op soek na Morkels van so 1900 van Burgersdorp, en Lichtenburg delwerye.

**ODENDAAL** [odemike@yahoo.com](mailto:odemike@yahoo.com)

Ek is besig met n register van Odendaal en wil graag soveel as moontlik inligting inwin. Dus as jy verwant is aan Odendaal of getroud is met een of die van Odendaal het sal ek dit waardeer as jy my al die verwante inligting deurstuur.

**SMIT** [ansu.smit@gmail.com](mailto:ansu.smit@gmail.com)

Ek is besig om ons familiestamboom na te vors. My oupagrootjie was Benjamin Johannes Smit, ook bekend as 'Vader Ben'. Hy was skoolhoof van Reitz skool, vanaf 1892-1925. Ons van was blykbaar eers Smith, maar hierdie oupagrootjie het dit verander na Smit, tydens die rebellie tussen die Boere en Engelse. Ek sal dit baie waardeer indien enigiemand inligting oor hom en my oumagrootjie, Engela Smit, het.

**VAN DEN HEEVER** [peetvdheever@xsinet.co.za](mailto:peetvdheever@xsinet.co.za)

Wil die Van den Heever stamboom sover moontlik volledig opstel en sal alle inligting verwelkom.

**VAN NIEKERK** [ontvangs@nhk.co.za](mailto:ontvangs@nhk.co.za)

Oupa, Jan Lodewyk, Ouma Maria Catharina van der Westhuizen, Pa Jan Lodewyk, Ma Elizabeth Jacomina Cronje Dreyer, Ek Jan Lodewyk, en my rou Maria Catharina Swanepoel.

**VENTER** [young.willem7@gmail.com](mailto:young.willem7@gmail.com)

Ons benodig meer inligting oor Jan Sarel Martinus Venter (1793-1871) Jan Adriaan Venter (1877-1948) getroud met Cornelia Petronelle Venter (1877-1944) van Kosterfontein omgewing. Jacobus Daniel Venter getroud met Nelletjie Buys. Jan Adriaan Venter was ook kaal Adriaan genoem en dan was Petrus Jakobus Venter ook Swart Koos genoem.

**VERMEULEN** [shickrenovations@gmail.com](mailto:shickrenovations@gmail.com)

Gabriel Jacobus is ons familienam, ek sou graag wou weet hoe en wanneer ons in Namibie aangekom het.

